higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 4

(3021014)

12 November 2018 (Y-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCOT

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCS

AFDELING A

VRAAG 1

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 1.1.1 'n Sakestelsel wat gebruik word om oorbesteding te beteuel

1.1.2 Besoedeling wat deur plaagdoders, onkruiddoders en storting veroorsaak word

1.1.3 Die hoeveelheid vertroue en entoesiasme wat 'n persoon of groep op 'n bepaalde tydstip ervaar

1.1.4 Hulle word in 'n organisasie as die belangrikste bate beskou omdat hulle handelsbedrywighede uitvoer om doelwitte te bereik

1.1.5 Wanneer 'n mens iemand anders se skryfwerk en idees gebruik en voorgee dat jy dit self geskryf het

1.1.6 Wanneer 'n maatskappy nie in staat is om sy skulde te betaal nie, en sy status regtens verklaar

1.1.7 Maatskappye wat soortgelyke produkte of dienste aan dieselfde teikenmark verskaf

1.1.8 Dit is 'n visuele voorstelling van data en gee 'n vinnige oorsig van die frekwensie van data

1.1.9 Dit wys hoe 'n organisasie beplan om sy doelwitte en doelstelling te bereik

1.1.10 'n Gedetailleerde beskrywing van hoe iets is, of hoe dit ontwerp of gemaak behoort te word

(10 x 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die gebruik van 'n bepaalde kode om te verhoed dat ongemagtigde persone die inligting lees.	A	visie
1.2.2	'n Verbintenis wat almal aangaan om 'n gedeelde doel te bereik.	B	markaandeel
1.2.3	'n Term wat gebruik word om die verlies van klante te beskryf.	C	produktiwiteit
1.2.4	'n Algemeen aanvaarde stel reëls, konvensies en prosedures vir die rapportering van finansiële inligting.	D	inkoop
1.2.5	'n Persentasie van totale verkope van 'n bepaalde produk of diens deur 'n organisasie in 'n bepaalde tydperk.	E	AARP
1.2.6	'n Klein groepie werknemers wat ontmoet om werkverwante probleme te identifiseer, te ontleed en op te los.	F	sirkeldiagram
1.2.7	Dit word gebruik om persentasies te visualiseer en is nuttig om statistiek te ontleed.	G	natuurlike afname
1.2.8	Dit verduidelik waarvoor die organisasie staan en wat die bestaansdoel daarvan is.	H	aandeelhouer
1.2.9	Doeltreffendheid waarmee kapitaal- en arbeidsinsette gebruik word.	I	gehalte
1.2.10	Hulle belê geld in 'n onderneming en verwag 'n opbrengs op hul belegging.	J	enkodering

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

MZANSI DESIGNERS

'Skepping van nuwe talent neem die Suid-Afrikaanse modewêreld op horings...'

Lesego Malatsi se ontwerpe verstom die Suid-Afrikaanse modewêreld. Hy glo hartstogtelike in die ontwikkeling en bemagtiging van 'n nuwe generasie swart Suid-Afrikaanse onwerpers. Sy maatskappy, Mzansi Designers (MD), in Johannesburg kweek nuwe ontwerptalent, skep werk, en maak sy stem dik in die internasionale modewêreld. Mzansi Designers bring meer Afrika-geïnspireerde mode na die loopplank en die formele ekonomie.

Nadat hy 'n nasionale diploma in klereontwerp aan die Skiereiland Technikon behaal het, was Lesego terdeë bewus daarvan dat hy met gegradueerdes in die modewêreld moes kompeteer. Dit was moeilik om 'n bekostigbare werkplek en toerusting te kry omdat dit moeilik is om beginkapitaal te verkry om die sakewêreld te betree - nog moeiliker om jou eie modenaam te vestig. Ten spyte van al die uitdagings het Lesego besluit om sy eie maatskappy van stapel te stuur en het sedertdien sy eie modenaam, Antony Couture cc, bekendgestel, en dit het tot 'n suksesvolle internasionale modehuis gegroei. Hy wil nou ander opkomende ontwerpers help om dieselfde te doen.

Mzansi Designers is daarop gerig om eksklusiewe Afrika-geïnspireerde mans- en damesklere te ontwerp, vervaardig en versprei. Die maatskappy dien ook as platform vir nuwe modetalent deur hulle van die fasiliteite, vaardighede en bykomende ondersteuning te voorsien wat nodig is om aan die gang te kom. Daardeur verbeter Mzansi Designers die gehalte van mense se lewens deur volhoubare werk te skep, werkloosheid te verminder en armoede deur die modebedryf te verlig.

Die maatskappy ondersteun personeel deur hulle met tegniese opleidingsvaardighede, opleiding in sakebestuur en motiverings- en selfbeeldontwikkelingsprogramme toe te rus. Namate meer ontwerpers aan Mzansi Designers se akademie slaag, begin hulle met hul eie ontwerpe en word hulle rolmodelle wat ander inspireer en in staat stel om hul voorbeeld te volg. Mzansi Designers ontwerp sy eie sukses, maar wat lê in die toekoms voor? Hulle beplan om meer nasionale en internasionale takke te vestig.

VRAAG 2

2.1 Sales House koop by Mzansi Designers.

2.1.1 Hoe kan Mzansi Designers verhoudinge met hierdie winkel verbeter? (10)

2.1.2 Ontwerp 'n vraelys wat Mzansi Designers sal gebruik om te bepaal of hulle aan die winkel se behoeftes en verwagtinge voldoen. (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 As modehuis moet Mzansi Designers se ontwerpe volgens die klante se spesifikasie gemaak word.

2.2.1 Dui die produksieproses aan wat vir hierdie tipe onderneming geskik is. (2)

2.2.2 Beskryf die produksieproses in VRAAG 2.1.1 kortliks. (6)

2.2.3 Verduidelik die voordele van hierdie produksieproses. (6)

2.3. Lesego wil verseker dat die maatskappy in verskeie tipes personeelbehoeftes voorsien.

2.3.1 Dui die verskillende tipes behoeftes volgens Maslow se hiërargie aan. (5)

2.3.2 Verduidelik hoe die maatskappy elke behoefte wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is, kan bevredig. (5)
[44]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die sekuriteitsprosesse wat Lesego tydens die implementering van die aksieplan op die maatskappyhulpbronne kan toepas. (9)

3.2 Die nienakoming van gehalteprosedures sal negatiewe gevolge vir Mzansi Designers inhou.

Verduidelik die gevolge daarvan om nie aan gehalteprosedures te voldoen nie. (8)

3.3 Mzansi Designers se sukses hang daarvan af dat alle sakestelsel saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik.

Verduidelik die faktore wat Mzansi Designers se sakestelsels direk sal beïnvloed. (12)

3.4 Ontwerp vereis dat 'n mens deurentyd van die nuutste tendense en style bewus moet wees. 'n Navorsing-en-ontwikkelingstelsel is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die besigheid altyd aan die voorpunt is.

Verduidelik hoe die navorsing-en-ontwikkelingstelsel met die volgende sakestelsel verband hou:

3.4.1 Verkope en bemarking (2)

3.4.2 Produksie (2)

3.5 Verduidelik die elemente van produktiwiteit met betrekking tot hierdie onderneming. (6)
[39]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Mzansi Designers, soos enige onderneming, is aan risiko onderworpe.

4.1.1 Verduidelik hoe Mzansi Designers die volgende risiko's kan bestuur:

(a) Omgewingsrisiko's
(b) Finansiële risiko's
(c) Risiko's oor vertroulikheid van data
(d) Risiko's van verouderde fisiese hulpbronne (8)

4.1.2 Mzansi Designers is versoek om rokke vir ABC-modelle te ontwerp. Die risiko van verouderde fisiese hulpbronne staar die onderneming in die gesig.

Pas die stappe in die risikobestuursplan toe om hierdie risiko die hoof te bied. (18)

4.2 Eksterne faktore beïnvloed enige onderneming se bedrywighede.

Verduidelik hoe hierdie faktore Mzansi Designers se bedrywighede kan beïnvloed. (8)

4.3 Skep 'n gebalanseerde telkaart vir die maatskappy. (8)

4.4 Lesego het jou gevra om met scenariobeplanning vir hierdie besigheid te help.

Noem VYF stappe wat jy tydens scenariobeplanning sal volg. (5)
[47]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou